
Vandag is ek
'n Windlawaai
Philip de Vos
& piet grobler



## VAN VREEMDE LANDE EN MENSE

Ek plant 'n piepklein saadjie.
Die saadjie word 'n boom,
en in my boom se takke
sal ek my drome droom
van verre berge, verre lande,
verre vlaktes, verre strande,
ander name, ander tale,
vreemde woorde en verhale:
Baba Jaga, maraboe,
Lorelei en kaketoe.
'n Piepklein, piepklein saadjie;
'n grote, grote boom.
En hier kan ek die hele dag
van vreemde lande droom.



**VREEMDE STORIES**

Bo in my boom se takke
waar voëltjies hoog rinkink,
sal ek saam met hul wysies
aan nuwe stories dink:
van wind wat duisend jaar bly waai,
Egipteland se stof
met krummelpiramides,
lank deur die wind verdof,
van druppels wat 'n eeu lank drup,
die oerwoud by Peru
met mosgroen piramides.
Só moet mens droom – of hoe?

Maar – dan moet ek weer ondertoe.
Die dag is klaar verby.
Maar in my boom se hoogste top
wag stories steeds vir my.



## HAASTIG

Ek het 'n sakvol stories
wat ek nog wil vertel,
en met
'n rondomtaliewind
sal ek na jou toe snel:
'n warrelwind,
'n dwarrelwind
reg oor die berg se rug.
En het jy elke woord gehoor
dan woerts ek
weer terug.